Liewe Mammas

Hier volg die tuiswerk vir die Hersiene Tweede Kwartaal: Week 5.

Ons gaan die week in ons Werkkaart-, Werkboek- en Handskrifboeke werk.
Onthou om die Drilwerk in al die Beertjie Boeke te doen.

Groep 1 kom die week skool toe (stuur assebliwf ALLE Skoolskrifte saam.) AL die werk word in die klas gedoen. Hulle sal dus geen Tuiswerk kry nie.

Groep 2 bly tuis en doen AL0 hul werk op TEAMS en volg die Tuiswerk soos uiteengesit.
Slegs die groep wat tuis werk, hoef uitdrukke te maak, want die skoolgroep word deur Juffrouens gehelp.

Stuur asseblief ook vir ons die Rapport en Rapportsakkie en plastiese koevert wat hul op 17 Maart ontvang het terug skool toe, wanneer dit u kind se skoolbeurt is.
Maak asseblief ook seker dat u wel die Rapport geteken het.

Groep wat skool toe kom moet asseblief hul EIE inkleurpotlode, skerpmaker, skêr, gom, uitveër, wet wipes en 'toweling' hê. Kinders mag NIE BY MEKAAR LEEN NIE.

TUISWERK EN KLASWERK

Maandag 6 Julie

- Klaslees *Die stoute tweeling*: p11
- Groen BB: Dril p 15 en doen Maandag van p36
- Blou BB: : Dril p2 hele bladsy en skryf p3 2 eie sinne (pos wol)
- Afrikaans: WB eet/drink (sien Teams video)
- Handskrif: t (sien Teams video)
- Werkkaaart p22 (geen video)
- Geel BB: Dril p9

Dinsdag 7 Julie

- Klaslees *Die stoute tweeling*: p12
- Groen BB: Dril p 15 en doen Dinsdag van p36
- Blou BB: Dril p2 hele bladsy en skryf p3 2 eie sinne (rok hok)
- Wiskunde: WK p24 (sien Teams video)
- Lewensvaardigheid: WB My noodhulptas (sien Teams video)
- Handskrif: j (sien Teams video)
- Geel BB: Dril p9

Woensdag 8 Julie

- Klaslees *Die stoute tweeling*: p13
- Groen BB: Woensdag van p36
- Afrikaans: WB Inkopielys (sien Teams video)
- Handskrif: y (sien Teams video
- Werkkaart p23 (geen video)

Donderdag 9 Julie

- Klaslees *Die stoute tweeling*: p14
- Groen BB: Dril p 15 en doen Donderdag van p36
- Blou BB: Dril p2 hele bladsy en skryf p3 2 eie sinne (bok sop)
- Wiskunde: WK p25 (sien Teams video)
- Engels: WB Going shopping (sien Teams video)
- Handskrif: p (sien Teams video)
- Geel BB: Dril p9

Vrydag 10 Julie

- Groen BB: doen Vrydag van p36
- Kuns (sal nog stuur)



Dennis wil speel

Dennis staan voor die huis.
Hy voel nou weer lekker.
Oom Len staan ook daar.
Hulle kyk na die son.
Die son is mooi geel.
Dennis wil nou speel.
"Kyk, oom Len, kyk!"
Dennis skop die bal hoog.
Oom Len lag lekker.

- Teken 'n geel son.
- Skryf die sin: **Die son is mooi geel.**
- Wat weet jy alles van die son?

Die by

Klein Nina staan by tannie Sus.
Hulle kyk na 'n by.
Die by is groot en geel.
Nina wil met die by speel.
Daar hoes tannie Sus.
Weg is die by!

Teken 'n by.

Skryf die sin: **Die by is groot en geel.**

Hou jy van bye? Hoekom sê jy so?

Die kat

Die kat sit voor die huis.
Hy speel met 'n bal.
Mamma sit ook daar.
Hier kom die tweeling.
Hulle wil met die kat speel.
Lester vat aan die kat.
Die kat kyk na hulle.
Hy staan op en hardloop vinnig weg.

Teken 'n kat wat voor 'n huis sit.

Skryf die sin: **Die kat sit voor die huis.**

Dink aan 'n ongewone troeteldier en wat julle alles saam sou doen.

Sussie se pop

Sussie het 'n groot pop.
Sy het 'n geel rok aan.
Dit is 'n mooi rok.
Sussie was die pop se rok.
Sy was en was.
Sussie speel baie lekker.
Wie lag nou daar?
Dit is die stoute tweeling.
Sussie huil en loop weg.



Teken vir Sussie wat die pop se rok was.

Skryf die sin: **Sussie was die pop se rok.**

Ons hoop Groep 1 geniet die week by die skool en Groep 2, julle moet jul TEAMS lessies geniet. Volgende week is dit jul beurt by die skool!

Onthou ook om bietjie .....

* tou te spring
* legkaart te bou en
* buite te speel

Dankie vir jou harde werk die week. Jy maak Juffrou se hart so bly!!